# RYNIENUUS

LAERSKOOL RYNFIELD

## UIT DIE HOOF SE KANTOOR:

*Mnr.Wally Janse van Rensburg*



### Groete aan al die Rynie huisgesinne!

**Kommunikasie** bly vir Laerskool Rynfield belangrik aangesien ons voel dat ingeligte ouers gelukkige ouers is.

Ons hoofkommunikasiemedium is die nuusbrief wat weekliks elektronies versprei word. Ouers ontvang die nuusbrief as ‘n whatsapp op hulle fone. Maak dus seker dat u die nuusbrief ontvang en op hoogte is van wat by die skool gebeur. Kontak die betrokke graadhoof indien u nie die nuusbrief ontvang nie.


Die nuusbrief is ook op ons webtuiste beskikbaar. Ons gebruik dieselfde amptelike whatsapp-groepe om met die ouers te kommunikeer in graad- of klasverband. ***Ouers wat hulle skuldig maak aan kwaadwillige of beledigende boodskappe teenoor personeel, wat kru taalgebruik insluit, sal van die amptelike whatsapp-groepe verwyder word. Die groepe wat deur die ouers self gestig word, is nie-amptelik en die skool reageer nie op enige kommentaar wat op hierdie groepe verskyn nie. Maak dus asb. van die amptelike kanale van kommunikasie gebruik en kry die regte feite.***

# RYNIENUUS

LAERSKOOL RYNFIELD

Die webtuiste is ook daar vir meer inligting aangaande ons skool en al die e-posadresse van sleutelpersoneel is op die webtuiste beskikbaar. Indien u dus direk met personeel wil kontak maak by die skool of ‘n afspraak wil reël, kan u die skool skakel of ‘n e-pos deur die volgende kanale stuur:

**Kontak altyd eerste u kind se voogonderwyser met enige navrae. Hierna kan u die volgende kanale vir verdere navrae volg of die skool skakel:**



## GRAADHOOFDE:

| | | |
|---|---|---|
| 1 | Me. Corlie Spangenberg | **gr1graadhoof@rynfieldlaer.co.za** |
| 2 | Me. Melissa Croucamp | **gr2graadhoof@rynfieldlaer.co.za** |
| 3 | Me. Vicky Coetzee | **gr3graadhoof@rynfieldlaer.co.za** |
| 4 | Me. Verochka Gouws | **gr4graadhoof@rynfieldlaer.co.za** |
| 5 | Me. Luvaine Schmidt | **gr5graadhoof@rynfieldlaer.co.za** |
| 6 | Me. Minante van Deventer | **gr6graadhoof@rynfieldlaer.co.za** |
| 7 | Mnr. Johnde Grobler | **gr7graadhoof@rynfieldlaer.co.za** |

# RYNIENUUS

LAERSKOOL RYNFIELD

## AFDELINGSHOOFDE:

| AFDELING | HOOF | EPOS ADRES |
|---|---|---|
| Akademiese hoof Junior | Me. Alida Bezuidenhout | akademiesehoofjunior@rynfieldlaer.co.za |
| Akademiese hoof Senior + Adjunkhoof | Me. Liezel Coetzee | akademiesehoofsenior@rynfieldlaer.co.za<br>adkunkhoof@rynfieldlaer.co.za |
| Sporthoof | Mnr. Michael Ferreira | sporthoof@rynfieldlaer.co.za |
| Kultuurhoof | Me. Gertjie Coffey | kultuurhoof@rynfieldlaer.co.za |
| Naskoolhoof | Me. Ronel Fourie | naskool@rynfieldlaer.co.za |
| Kleuterskoolhoof | Me. Nanette Hattingh | kleuterskool@rynfieldlaer.co.za |
| Algemene Navrae | Me. Sonja Kemp<br>Me. Sané Hinton | admin@rynfieldlaer.co.za<br>info@rynfieldlaer.co.za |
| Finansies | Me. Daleen van Schalkwyk<br>Me. Lenie van Zyl | finansies@rynfieldlaer.co.za<br>debiteure@rynfieldlaer.co.za |
| Skoolhoof | Mnr. Wally Janse van Rensburg | hoof@rynfieldlaer.co.za |

**Al die bogenoemde e-posadresse is ook op ons webtuiste beskikbaar. Gebruik gerus die regte kanale om te verseker dat u probleem/navraag so spoedig moontlik aandag geniet.**






Aangesien veiligheid van elke leerder in die Grondslagfase vir ons baie belangrik is, is die volgende reëlings in plek gestel. Die reëlings is spesifiek op naskoolleerders van toespassing.

- Alle naskoolleerders mag in die toekoms slegs by die betrokke naskole afgehaal word indien hulle vroeër huis toe gaan.
- Ouers kan nie meer deur die loop van die oggend ‘n boodskap stuur dat ’n leerder nou by die hek afgehaal moet word nie.
- Leerders kan ook nie self sê dat hulle die betrokke dag ‘n hekmaatjie is nie.
- Leerders moet soos gewoonlik naskool toe gaan waar hulle deur ouers afgehaal kan word.
- Die reëlings geld slegs vir Gr. 1 - 3 leerders.

Dankie dat ons op u samewerking in die verband kan staatmaak.

# RYNIENUUS

LAERSKOOL RYNFIELD

## HARDOPLEESDAG - GRONDSLAGFASE GR. 1 - 3:

Op 6 Februarie het ons hardopleesdag gevier. Elke juffrou het 'n storie gelees. Elke graad het 'n ander storie gelees. Die leerders het hulle eie boekmerke gemaak wat hulle aan lees herinner. Kyk net hoe kreatief was die leerders!








## MOEDERTAALDAG - GR. 1 - 3: 20 FEBRUARIE

Elke maat moes een woord kies in hul moedertaal wat vir hulle baie spesiaal is. Hulle moes dit dan mooi versier het.







Kyk ons pragtige en betekenisvolle woorde!

# RYNIENUUS

LAERSKOOL RYNFIELD

## NETBAL:






**Wen 'n Tork Craft "tool"boks ter waarde van R5000 vir slegs R150 per lootjie. Koop jou kaartjie nou op die Karri Toep of by Juffrou Luvaine en Juffrou Christelle.**

**Trekking sal op 2 Maart plaasvind**

## TENNIS:





Die eerste rondte tennisproewe is verby. Baie dankie aan al die leerders wat daar was. Die tweede rondte proewe sal nie die 27ste Februarie plaasvind nie a.g.v. die leierskamp. Dit sal dus in Maart plaasvind - hou asseblief die nuusbrief dop vir datums.

*Tennisgroete, Juffrou Juazelle*

NUUSBRIEF 7 VAN 2026

*26 FEBRUARIE 2026*

# RYNIENUUS

LAERSKOOL RYNFIELD

## KASKARRE:

**ONDERWYSERS UITDAGING! 🏁🏆**

Die kompetisie is WARM! 🔥

Tydens verlede week se uitdaging het die Graad 5 – Aston Martin span die 🏎️ blinddoek-resies gewen en staan nou gelyk met die Graad 7 – Alpine-span!

Hierdie week gaan die vonke beslis spat! ⚡
Wie gaan die voortou neem?



Onthou jou Kaskar-borgvorm of betaal gerus op die Karri Toep. Vra familie, bure en vriende om jou te borg en maak seker jou vorm is betyds terug by die skool.

💚 Saam maak ons Kaskardag 'n REUSE sukses! 💚






# RYNIENUUS

LAERSKOOL RYNFIELD



# RYNIENUUS

LAERSKOOL RYNFIELD

Kollekte sal by die deur ingeneem word.

**NIGERIË**
2026



"Ek sal julle rus gee."
Matteus 11:28-30

## Wêreldbiddag vir vroue

**Alle dames word hartlik uitgenooi om die geleentheid by te woon.**

**Datum:** 6 Maart 2026
**Tyd:** 7:30 vir 7:45
**Plek:** Laerskool Rynfield se skoolsaal.

# RYNIENUUS

LAERSKOOL RYNFIELD



# RYNIENUUS

LAERSKOOL RYNFIELD

**REDENAARS:**

Met groot opgewondenheid sien ons uit na die 2026 Afrikaans Interne Redenaars!

Die naamlyste is reeds voltooi en alle deelnemers het briewe ontvang. Indien u kind nie 'n brief oor die deelname ontvang het nie, en u het die toespraak gestuur vir goedkeuring, moet u asb. vir Juf. Coffey kontak. Daar is geen verdere interne uitdunne nie.

Gr. 6+7 : 2 Maart (Maandag)
Gr. 3 : 4 Maart (Woensdag)
Gr. 4+5 : 9 Maart (Maandag)
Gr. 1+2 : 11 Maart (Woensdag)



**PUBLIC SPEAKING:**

Alle Engelse toesprake moet asb. by Juf. Coffey ingehandig word vir goedkeuring. Afsnydatum vir inhandiging is die 20ste Maart. Ongelukkig sal geen laat toesprake aanvaar word nie.
Let wel: daar is 'n probleem met ons kultuur epos. Ons vra groot onverskoning. Stuur gerus enige navrae oor kultuur aan gmcoffey1@outlook.com.

*Kultuurgroete, Juf. Coffey*



# NASKOOL

LAERSKOOL RYNFIELD

LAERSKOOL RYNFIELD
NASKOOLSENTRUM

**Finansies:**

State is reeds 'n ruk gelede uitgestuur. Hou asseblief u rekening op datum.

**Buitemuurse aktiwiteite:**

Met die atletiekseisoen agter die rug en slegs enkele atlete wat verder gaan, het die rugby- en netbalseisoen hierdie week afgeskop.

Maak asseblief seker naskoolpersoneel is bewus van oefentye van enige buitemuurse-aktiwiteite sodat leerders nie oefeninge/klasse mis nie.

**!!NB!! LEERDERS MOET ASSEBLIEF ONTHOU OM HUL ETE BY TANNIE ANNIE/TANNIE MELANÉ TE BESPREEK INDIEN HULLE EERS LATER (NA OEFENING) GAAN EET.**

Dankie vir u samewerking in die verband.



## SPYSKAART: NASKOOL


| DAG | ETE | 15:30 - 16:00 |
|---|---|---|
| Maandag, 2 Maart | Tuna, slaai en rolletjies | Vrug & Sap |
| Dinsdag, 3 Maart | Spaghetti Bolognaise | Vrug & Sap |
| Woensdag, 4 Maart | "Hot-Dogs" | Vrug & Sap |
| Donderdag, 5 Maart | "Fish nuggets" slap "Chips" & Slaai | Vrug & Sap |
| Vrydag, 6 Maart | Simba "Chips" Rolletjies | Vrug & Sap |

# SNOEPIE

LAERSKOOL RYNFIELD

## SPYSKAART: SNOEPIE

| DAG | ETE | 15:30 - 16:00 |
|---|---|---|
| Maandag, 2 Maart | Pasteie | Vrug & Sap |
| Dinsdag, 3 Maart | Ham & Kaas Toasted broodjies | Vrug & Sap |
| Woensdag, 4 Maart | Slap “chips” | Vrug & Sap |
| Donderdag, 5 Maart | “French toast” & Stroop | Vrug & Sap |
| Vrydag, 6 Maart | Combo @R50: Rynie Ratel burger, choc chip koekie en slushie | Vrug & Sap |



# TEN SLOTTE

LAERSKOOL RYNFIELD





**W JANSE VAN RENSBURG**

**SKOOLHOOF**

# ADVERTENSIES

LAERSKOOL RYNFIELD



# ADVERTENSIES

LAERSKOOL RYNFIELD




# ADVERTENSIES

LAERSKOOL RYNFIELD



# ADVERTENSIES

LAERSKOOL RYNFIELD



# ADVERTENSIES

LAERSKOOL RYNFIELD



# ADVERTENSIES

LAERSKOOL RYNFIELD




# ADVERTENSIES

LAERSKOOL RYNFIELD



# ADVERTENSIES

LAERSKOOL RYNFIELD



# ADVERTENSIES

LAERSKOOL RYNFIELD

